

AFRIKABURN
24–30 APRIL 2017
OORLEWINGS GIDS

## “SPEEL IS DIE HOOGSTE VORM VAN NAVORSING”

### ALBERT EINSTEIN

Speel – ‘n aktiwiteit wat ons vermaak, amuseer of bevredig; wat ons geniet omdat ons deelneem eerder as net passief ervaar – maak nimmereindigende moontlikhede oop. Dit voed, steek aan en vermeerder. Dit laat ons sin vir orde wortel skiet. Dit maak die lewe groter. Dis ons bindweefsel.

Speel bied ons ‘n portaal, ‘n towerdeurgang wat plekke, dimensies en tydvakke verbind. Waar die waarheid op skewe maniere aanmeld; waar onsin, irrasionaliteit en instink kosbaar is. Di’e towerportale kom in vele verskillende, wonderbaarlike vorme. Dit kan ‘n fabelagtige hangkas wees, of dagbreek, ‘n vriendelike glimlag of die leë skilderdoek van die Burn.

## WAT IS AFRIKABURN?

Jy is. Jy bou die kamp, maak die kuns, ry die mutant-voertuie. Jy’s die kunstenaar en die gehoor. Daar is g’n “hulle” nie, net ons en ons is almal saam in die ding.

Jy bou die kamp, die kunswerke en die gemuteerde voertuie. Jy is kunstenaar en gehoor. Daar is geen “hulle” nie - daar is net “ons”. En ons is almal saam in die ding. AfrikaBurn is ‘n Suid-Afrikaanse streeksweergawe van Burning Man en jy woon dit nie by nie - jy skep dit. Jy hoef net deel te neem.

AfrikaBurn vind plaas in die afgeleë en ietwat ongenaakbare Tankwa-Karoo, in die Noord-Kaap.

### HEY JY NOG INSPIRASIE NODIG?

**Gaan kyk ‘n bietjie na die Tema-bladsy op ons webwerf.**

**LEES ARTIKEL**

# INHOUD


KERNBEGINSELS 01
VOOR JY GAAN, BEREI VOOR! 03
BASIESE INLIGTING / NUUT IN 2017 05
MET JOU AANKOMS 06
RIGLYNE VIR STONEHENGE-RESERVAAT 07
KAMPERING 09
LAAT GEEN SPOOR 11
SOUND 13
DEKOMMODIFIKASIE 17
PERSOONLIKE VEILIGHEID 19
MEDIESE INLIGTING 21
VUUR 23
KINDERS 26
FOTOGRAFIE EN MEDIA 27
FIETSE 29
KUNSVOERTUIE 30
PAD-AANWYSINGS 33
VLIEGTUIE, HOMMELTUIE EN ANDER VLIEENDE VOORWERPE 37
REGSASPEKTE 39
KREDIETE / DANKIE 41






Kunswerk deur **Jeanne Fourie**

kunswerk deur **Ernst Lass**

# KERNBEGINSELS*

## GEMEENSKAPLIKE POGING

**Ons gemeenskap waardeer kreatiewe samekoms en samewerking. Ons streef om sosiale netwerke, openbare ruimtes, kunswerke en kommunikasie wat die dinge aanmoedig, te skep, te bevorder en te beskerm.**

## DEELNAME

**Ons gemeenskapsetiek is een van radikale samewerking. Ons glo transformatiewe verandering – hetsy in die enkeling of of in die samelewing - slegs teweeg gebring kan word deur persoonlike deelname. Ons word deur te doen. Almal word genooi om te werk. Almal word genooi om te speel. Ons maak die wêreld werklik deur dade wat die hart oopmaak.**

## BURGERLIKE VER-ANTWOORDLIKHEID

**Ons waardeer die burgerlike samelewing. Gemeenskapslede wat byeenkomste re"el, neem verantwoordelikheid vir die publiek se welvaart. Hulle moet ook deelnemers oor hul verantwoordelikhede inlig. Dis ook hul verantwoordelikheid om te sor dat nasionale en plaaslike wete nagekom word.**

## ONMIDDELLIKHEID

**Onmiddellike ervaring is op baie maniere die belangrikste hoeksteen van ons kultuur. Ons probeer grense oorbrug wat ons skei van ons innerlike self, ander se werklikhede en kontak met 'n natuurw^ereld verhewe bo menslike magte. G'n idee kan di'e ervaring vervang nie.**

## DEKOMMODI-FIKASIE

Ter wille van die gees van skenking, streef ons na sosiale omgewings wat nie deur borgskappe, transaksies of advertensies be"invloed word nie. Ons is reg om ons kultuur teen sulke uitbuiting te beskerm. Ons weerstaan dit om te verbruik eerder as om deel te neem.

## GAWES

**Ons is daaraan toegewy aan te gee. Die waarde van s'o 'n gawe is onvoorwaardelik. Niks word terug of in ruil daarvoor verwag nie.**

## LAAT GEEN SPOOR NIE

**Ons gemeenskap respekteer die omgewing. Ons verbind ons daartoe om geen spoor van ons aktiwiteite te los waar ons ook al bymekaar kom nie. Ons maak agter onsself skoon en probeer, waar moontlik, om plekke in 'n beter toestand te los as waarin ons dit gevind het.**

## RADIKALE INSLUITING

**Enigiemand mag deel wees van AfrikaBurn. Ons verwelkom en respekteer vreemdelinge. Daar is geen voorvereistes vir die deelname in ons gemeenskap nie. Almal mag deel.**

*** Hierdie beginsels is nie gebooie of reëls nie - dit is ideale wat riglyne bied hoe ons as 'n gemeenskap die wêreld en onsself kan herverbeel. In 'n neutedop: Moenie kak wees nie, wees lekker!**

## RADIKALE SELFSTANDIGHEID

**AfrikaBurn spoor die individu aan om sy innerlike hulpbronne te ontdek, in te span en daarop staat te maak.**

## RADIKALE SELF UITDRUKKING

**Radikale selfuitdrukking ontstaan uit die unieke gawes van elke individu. Niemand buiten die individu of 'n groep wat saamwerk, kan die vorm bepaal nie. Dis 'n gawe aan ander. Die gewer moet die regte en vryheid van die ontvanger in di'e gees respekteer.**

## ELKEEN, LEER EEN

**As selfstandige gemeenskap glo ons die verantwoordelikheid om ons kultuur te versprei berus by een en elkeen van ons. Ons is almal bewaarders van ons kultuur en as daar kans is, dra ons kennis oor.**




# SOOS JY VIR DIE WOESTYN VOORBEREI, ONTHOU JY IS TEN ALLE TYE VIR JOUSELF VERANTWOORDELIK.

## GEBRUIK JOU KOP

- en moenie 'n oorlas vir ander wees omdat jy sleg beplan het nie. Jy moet alles wat jy benodig woestyn toe bring: kos, water, skuiling, brandstof en basiese noodhulp. En dan moet jy alles terugvat, want die Burn is 'n Laat Geen Spoor-geleentheid.

Maak voor jou aankoms seker dat jy jou kaartjie het – uitgedruk 'of op 'n foon/toestel met genoeg batterykrag. Maak 100 % seker jou naam is op jou kaartjie en dat jy 'n foto-ID saambring na die hek toe. Ons verwelkomingspan het dit nodig ter bevestiging van jou kaartjie en as dit nie ooreenstem daarmee nie, mag jy nie binnetoe nie.

Jou motor mag vir verstekelinge deursoek word. As daar iemand sonder kaartjie in jou kar is, moet jy di'e terug tuis besorg, so maak seker almal het hul kaartjies. Dit geld ook enigeen wat jy langs die pad oplaai en 'n geleentheid aanbied.

## NOODSAAKLIKHEDE


**AfrikaBurn is g'n partytjie nie. Dis nie 'n disko nie. Dit is 'n ernstige woestynmakietie en jy moet die volgende bring:**

- Jou kaartjie en foto-identifikasie (SA ID-boek, bestuurderslisensie of paspoort)
- 5 liter water per persoon per dag
- Genoeg kos en drank vir jou hele verblyf
- Beskutting, beddegoed, warm en koel klere
- Vullissakke
- Brandblusser
- Volledige noodhulpkissie
- Enige voorskrifmedikasie (Let wel: mediese dienste verskaf nie pyn- of hoofpynpille of antibiotika nie)
- Lig: koplamp, flits, fietslig, feetjieligte, EL-draad (en ekstra batterye). Sonkragliggies rock, kry 'n klompie.
- Duct Tape en kabelbinders - want dit hou die heelal bymekaar!
- Bring jy hout saam? Bring dan 'n vuurdrom of 'n braai ook – kampvure op die grond word NIE toegelaat nie
- Herwinningshouers: jy sal een nodig hê vir nat rommel en 'n ander een vir papier, plastiek en metaal/gas

## MOENIE DIE VOLGENDE SAAMBRING NIE

**Ja, jy kom Burn toe, maar daar is items wat nie hier hoort nie. Dit is 'n potensiële brandgevaar vir die omgewing se fauna en flora of items wat 'n spoor agterlaat. Ons wil dit ten alle koste vermy.**

- Fakkels (flares)
- Vuurwerke
- Vuurlanterns
- Vere




Kunswerk deur **Karl Schulschenk**

# BASIESE INLIGTING



## 01 PARKEER DIT EN HOU DIT GEPARKEER

Tankwa Town is 'n voetganger- en fietsryer-omgewing - slegs kunskarre, fietse, nood- en administratiewe voertuie mag rondry. Ry baie stadig as jy aankom en vertrek - die spoedbeperking is 10km/h vir alle gemotoriseerde voortuie.

Let Wel: Motorfietse en bromponies moet ook omskep (gemuteer) wees om in die Binnekring te ry.

## 02 FIETSE IS NIE OPENBARE EIENDOM

Respekteer asseblief ander mense se eiendom en maak seker jou fiets het 'n slot. As jy van jou fiets hou, sluit dit. Dis jou verantwordelikheid.

## 03 NIKS IN TANKWA TOWN WORD GEKOOP OF VERKOOP NIE

Buiten ys en dis om jou kos en drank koud te hou.

## 04 LAAT GEEN SPOOR NIE

Jy sal nêrens vullisdromme of -houers sien nie, behalwe dié wat jy saamgebring het. Wat jy saambring, neem jy weer weg. Dra 'n sak saam om jou water en jou rommel in te bêre.

## 05 GEEN TROETELDIERE

Om talle goeie redes mag jy nie troeteldiere Burn toe bring nie. Al uitsondering is gidshonde.

## 06 BESKERMING VAN KUNSWERKE

As jy sien iemand beskadig 'n kunswerk, vra hulle om te stop. S^e vir 'n Tankwa Town Ranger as jy moet. Die kuns in Tankwa Town is harde werk, respekteer dit en die kunstenaars.

## 07 VLIEGTUIE, HOMMELTUIE EN GEBRUIK VAN DIE LUGRUIM

Jy mag niks na of by AfrikaBurn vlieg – vir ontspanning 'of kommersiële redes – sonder om dit met die betrokke span te registreer nie. Sien bladsy 33 vir verdere besonderhede.



# NUUT IN 2017

## GEEN PLUG & PLAY KAMPERING

**Hayibo:** kampe wat jou 'n betaalde ervaring aanbied, word nie toegelaat nie. Wat is Plug & Play-kampe? Dis kampe waar, eerder as om verantwoordelikheid vir jouself te aanvaar, jy iemand betaal om die kamp gereed te kry, af te slaan, of kook, skoonmaak ensovoorts (en iemand maak iewers wins). Di'e soort betaalde ervaring is dalk elders beskikbaar, maar AfrikaBurn is nie een van daai plekke nie. As iemand jou 'n luukse pakket aanbied, verduidelik dis nie hoe dit werk nie.

Wat van kampe wat 'n fooi vir basiese infrastruktuur neem? In die haak, solank hulle bereid is om ons hul boeke te wys en di'e aandui geen wins word gemaak nie.

## GEEN KUNSKARRE (MUTANT VEHICLES) OP DIE BINNEKRING

Ons stad is deesdae 'n besige plek, wat beteken dat Kunskarre nie meer toegelaat word om die Binnekring as pad te gebruik nie. Dis net vir fietse en voetgangers. Kunskarre kan oor Binnekring Rd na die binneste sirkel kruis en verder met alle straalpaaie weg van die kring.

## VERSKAFFERSDEPOT

As jy by die hek aankom, neem kennis waar die Verskaffersdepot is - as jy 'n besending water, tente, hout of ander kamp-infrastruktuur verwag, is dit waar jy die verskaffers ontmoet om na jou kampeerplek te neem.

Kunswerk deur **Grace De Kroon**



# MET JOU AANKOMS



## ORIEENTEER JOUSELF

Tankwa Town is uitgelê in die vorm van 'n perdeskoen met twee "horings" aan die bokant en 'n lang stert wat vanaf 10ish strek. Die meeste kunswerke word in die middel van di'e perdeskoen vertoon. Dit word die Binnekring genoem. Die pad daarom is Binnekringpad. Die paaie wat hiervandaan buitentoe loop, is genommer soos ure op 'n horlosie, vanaf 2-ish tot 10-ish.

Jy kan byvoorbeeld by "Buitekring en 3.30ish" woon en 'n adres h^e sodra jy jou kampeerplek gevind het. Ons het straatnaamborde en -ligte om jou te help.

Die paaie parallel met Binnekringpa word alfabeties gedoop en verander jaarliks, afhangende van die tema. Almal buiten vir Binnekringpad, Buitekringpad, Lady Davina Boulevard, Stofadil Road en 2-ish tot 10-ish.

## RESPEKTEER DIE TANKWA

Dis die natuurlike habitat van die kritiek bedreigde vleihaas of doekvoetjie, giftige dikstertskerpioene en dodelike pofadders. Ons gemeenskap respekteer die omgewing, so respekteer asseblief die rant van Tankwa Town vir jou veiligheid en di'e van Tankwa se fauna en flora.

## WEER EN KLIMAAT

Bedags kan die kwik tot in die 40's styg en snags tot onder vriespunt laat daal. Daar is asemrowende storms en stormsterk winde kan "white-outs" veroorsaak. Wees voorbereid op enige uiterste: die weer is onvoorspelbaar en reën op verafgeleë plekke kan blitsvloede veroorsaak. In 2012 het sulke vloede baie tente en voertuie beskadig. Vermy natuurlike seleksie – kamp in gemerkte areas of staan die kans dat jou kamp wegspoel. Nie lekker nie.

**Die mees akkurate weerberig vir Tankwa Town is hier beskikbaar.**

**BESOEK WEBBLAD**

## NEEM DEEL

As jy jou deelname in die byeenkoms wil uitbrei, is daar baie kans. Ons

gemeenskap is een van aktiewe deelname – so as jy sien iets moet gedoen word,

spring in. In Tankwa Town is daar nie 'n bonatuurlike "hulle" wat die werk doen nie – daar is net ons. Help ons om ander in te lig: as jy sien iemand tree onverantwoordelik op, stel jouself voor en sê iets. Raak betrokke – dis waar die


wonderwerke gebeur!

## WIL JY AS VRYWILLIGER BETROKKE RAAK?

Om 'n vrywilliger by AfrikaBurn te wees, is vet pret. Dit betrek jou op vlakke wat jy nooit gedink het moontlik sou wees nie en dit help die byeenkoms ontsettend baie. Gaan na die "Participation Station"-stalletjie wat by die "Off Centre Camp" (nou by 8-ish) en skryf jou naam op die lys. Ons het altyd hulp nodig en jy sal met ope arms verwelkom word.



Kunswerk deur **Anthea Duce**



# RIGLYNE VIR STONEHENGE-RESERVAAT

Die eiendom waarop ons byeenkoms plaasvind, is 'n private natuurreservaat. Aangesien ons almal gaste hier is, respekteer asseblief die omgewing. Dis 'n sensitiewe biosfeer: laat alle plante, klippe en diere met rus en onaangeraak. Wat dit spesiaal maak, is die ongereptheid van die natuur, so moet asseblief nie nuwe spore maak nie. En bestuurders:

## MOENIE DONUTS IN DIE STOF MAAK NIE!

**01**

Geen Kunskarre mag buit Tankwa Town se grense ry nie - slaan eerder voet in die vlaktes.

**02**

As jy wil ry, kies koers na die motorfietsrypad wat 35km deur die epiese skoonheid van Stonehenge strek. Dit begin en eindig by die geel Welkom-karavaan by 2nd Gate. As jy di'e pad gebruik, bly in die pad (of die twee-spoor), want motorfietse kan diep spore in die terrein los. Hulle is die tweewiel ekwivalente van hoëhakskoene. Sien die fiets-padkaart hieronder.

**03**

Wil jy koers kies Oudebaaskraaldam toe in die Tankwa Nasionale Park? Dit is nie deel van Tankwa Town nie, en om daar uit te kom, sal jy by die gewone samelewing moet aansluit. Daar is 'n klein fooi betaalbaar en die geld word gebruik vir die instandhoudig van dié ongelooflike park.

**04**

Voertuie wat by AfrikaBurn (en Stonehenge) agter gelaat word, is 'n regte kopseer. Soms is daar 'n boggerop en m'o'et jy jou voertuig agterlaat, want als is stukkend. Onthou asseblief dis iemand se huis en ons is net tydelik hier.

As jy 'n voertuig agterlaat omdat dit regtig nie geskuif kan word nie, maak asseblief kontak met die eienaars van Stonhenge en verduidelik die situasie.

Tref reëlings om jou voertuig as prioriteit af te haal - definitief voordat die DPW-span die terrein voor die middel van Mei verlaat.

**05**

Harde musiek n'a die byeenkoms is nie lekker nie. Mense woon hier en hulle is gretig om verlore slaap in te haal... so hou die volume op die Maandag en Dinsdag laag. Dit beteken nie geen musiek nie, maar wees bedagsame bure, sit dit sagter en sit dit na middernag af.



Kunswerk deur **Mischka Byram**

# KAMPERING



## HOE KAMPERING IN TANKWA TOWN WERK

As jy eerste daar is, kan jy jou kamp daar opslaan. Maar moenie dit in 'n bespreekte gebied doen nie – dis vir duidelik uitgemerkte Temakampe.

As jy in die nag aankom, wag asseblief tot die volgende oggend om jou vriende op te spoor of om jou rigting te kry. As jy deel van 'n groter kamp is en jou kampmaats het al vroeër aangekom, maak seker dat hulle vir jou 'n boodskap met jul adres op die kennisgewingbord by Off Centre Camp 'of by die hek los.

Onthou, die term "Stil" in Tankwa Town is 'n relatiewe begrip en wanneer ons 'n voorstel maak in hierdie verband, roep ons ons geliefkoosde agtervoegsel by AfrikaBurn - "ish" (-erig) tot wese. As jy dus graag 'n goeie nagrus wil hê, moenie in die Raserige Sones kamp nie.

Vir meer inligting hieroor, kyk asseblief in die SOOP – Sound Out Of Place hier onder op bladsy 14. Sodra jy jou plekkie gekry het, sit jou sleutels op 'n veilige plek – jy is nou 'n voetganger of 'n fietsryer!

Radikale selfstandigheid is ewe belangrik as radikale selfuitdrukking - vooraf gereelde "ons doen dit vir jou"-pakkettoere is nie hoe ons dinge hier doen nie.

## RV'S EN KARAVANE

Jy is welkom om 'n RV te bring, maar wees bewus daarvan dat daar geen stortingsterrein is nie en dat jy n^erens in Tankwa Town gryswater of rommel mag stort nie. Daar word ook g'n drinkbare water verkoop nie en jy moet asseblief daarvolgens beplan.

## DELEGEER SO MET DIE KAMPEER

As julle 'n groot groep is wat saam kampeer, is dit 'n goeie idee om vooraf 'n vergadering te hou en aan almal verantwoordelikhede toe te ken. Nomineer byvoorbeeld 'n Veiligheidsbaron om aan almal te verduidelik waar brandblussers, die mediese tent, die veiligheidspersoneel en Sanctuary is, en hoe om jouself te oriënteer.

Kies 'n Rommelbaron om die vullis te sorteer, dromme op te stel en te verwyder. Kies iemand as die Kostuums- en Grimeringdepartement. Dink wie het toertjies en talente wat kan help - dit sal die las ligter maak en sorg vir 'n baie aangename kamp.

## TOILETTE

Mmm, ons beroemde toilette. Die mees geskiedkundiges is die puttoilette met 'n asemrowende Karoo-uitsig. Ons behandel ons toilette met effektiewe mikroorganismes (EM) en onbehandelde saagsels om die reuke in toom te hou en ontbinding te bespoedig. Om te "spoel" gebruik 'n klein skeppie van die saagsels wat in emmers langs elke toilet staan. Moet asseblief niks in die toilete sit wat nie uit jou liggaam kom nie. Geen tampons, bierblikke, vullis, plastieksakke of gewese kêrels nie. Met ander woorde:



## AS DIT NIE UIT JOU LIGGAAM UITKOM NIE, GAAN DIT NIE IN DIE POT NIE!

Toilets are placed along the outskirts of the town, and have lights and flags to find them by day or night. They're mostly within 300m of anywhere on the Binnekring - including the additional portaloos. Disabled toilets are also provided.

## LET WEL:

- Moenie wag tot jy desperaat is voor jy 'n toilet begin soek nie.
- Moenie kunswerke of die donker kolletjie agter iemand se tent gebruik as jou privaat toilet nie.
- "Free-range Toileting?" Nee, sies, ga.
- TAMPONS: Soek die toilette met rooi driehoekvlaggies; hulle het tampondrommetjies.

## TANKWA TOWN DEUR DIE JAAR

Dis maklik om geheg te raak aan die grond waar Tankwa Town jaarliks verrys. Dis ook heerlik om daar te kuier as die Burn nie aan is nie. Maar dit is privaatgrond: as jy Stonehenge graag buite AfrikaBurn-tyd wil besoek, kontak eers die eienaars. Hulle is baie gasvry, maar moet weet jy is op pad. Skakel +27 (0)21 846 8298.

As jy in die omgewing is en het nie vooraf toegang gereël nie, stop by die Tankwa Tented Camp sien of dit geleë is om te kom.

## KRAG? GAAN GROEN!


Komaan mense, ons is in die woestyn – gebruik die beskikbare kragbron, die son. Of oorweeg 'n wind-turbine of 'n diepsiklus 12 V-battery vir beligting in jul kamp. LEDs word daagliks goedkoper en gebruik min krag. Gebruik dit in plaas van gewone gloeilampe, al het jy 'n partytjieplek. Gebruik sonkrag vir goed soos feetjieliggies – dit hou langer en jy't g'n batterye om van ontslae te raak nie.

## FOONSEIN?

Naby 12ish op die hoërliggende gedeeltes, kan mens soms 'n MTN-sein kry. Dit werk die beste met SMS. Hierbenewens bied ons geen telefoondiens behalwe in die geval van 'n ernstige mediese noodgeval nie.

## KAMPEER TOERUSTING BY TANKWA TOWN: DIE EVANGELIE VAN REBAR

By AfrikaBurn is die grond harder as by enige plek waar jy al ooit kampeer het - tensy jy dit al op soliede klip gedoen het! Nie heeltemal rots nie, maar blerrie amper. Bring 'n hammer (ten minste tien pond; hoe groter, hoe beter) en swaargewig tentpenne. Die penne wat saam jou vier-man tent gekom het? Vergeet hulle, jy't iets baie sterker en langer



nodig. Dis hoekom jy rebar nodig het – hulle is moeilik om in die grond te kry, maar die moeite werd wanneer daai stormwinde toeslaan.


## REBAR?

Rebar. Dis daai staalpenne met die groewe wat gebruik word om beton te versterk. Kry daarvan en laat dit in lengtes sny – maar moet niks minder as 15mm wydte kry nie. Rebar is 'n uitstekende manier om jou tent te anker, veral Bedouin en 'free-form' tente. Dis gevaarlik terwyl jy dit inkap 'en as dit in die grond is. Wanneer jy dit in die grond het, merk dit met leë blikke, plastiekbottels, tennisballe of ou popkoppe - enigiets wat been- en voetbeserings sal voorkom.

Probeer jou tent en enige skadu-strukture s'o opslaan dat die kleinste moontlike gedeelte daarvan aan die wind blootgestel word. Die wind by Tankwa Town waai oral - hou 'n oog op die windrigting - maar as ons gedwing word om 'n oorheersende windrigting te identifiseer, sou ons sê NW-SO. Plaas gewigte in die hoeke van die binnekante van kleiner tente of maak hulle aan jou motor vas. Plaas gewigte in die hoeke van die binnekante van kleiner tente of maak hulle aan jou motor vas.



Kuswerk deur **Natasha Viljoen**


TANKWA TOWN
2017 MAP
WALK IN CAMPING
LOUDISH ZONE
BUITEKRING
BINNEKRING
STOFFADIL
2ISH
3ISH
4ISH
5ISH
6ISH
7ISH
8ISH
9ISH
10ISH
AMUSE
BALL
CREATE
DANCE
HOMO LUDENS STREET
DMV
DEPT. OF MUTANT VEHICLES
REGISTER YOUR MUTANT VEHICLE HERE!
TOILETS
AIRPORT ROAD
OCC
DPW
SERVICE ROAD
ACE OF HEARTS
BOUNCE
CHAOS
DELIGHT
ESCAPADE
FROLIC
GAME
HAPPY
INVENT
JOL
KNOCK KNOCK
LEKKER
MAGIC
10ISH BLVD
9ISH BLVD
LADY DAVINA BLVD
NO PUBLIC ACCESS
LOUD ZONE
EVOLVE
EXPERIMENT
WELCOME ROAD
FANTASY
GALLIVANT
HOPSCOTCH
IMAGINE
WELCOME RD 2
GREETERS
PARKING
OFF CENTRE CAMP
ARTERIA
MEDIA
ICE
LOST & FOUND
RANGERS
MEDICS AND CLINIC
SANCTUARY
RADIO FREE TANKWA
Kids REGISTRATION
VOLUNTEER STATION
N
W
E
S
0 50 100 200 300 400 500 600
METERS
↓ GATE AND SUPPLIER DEPOT ↓

# LAAT GEEN SPOOR

## MOOP

MOOP staan vir "Matter Out Of Place". Alles wat Tankwa Town toe gebring word, is moontlike MOOP: sigaretstompies, gloeistafies, tentpenne, bottelproppies, sigaretstompies, as, stukkies hout, vuurhoutjies, lemoenskille, sigaretstompies, hout, pistachio-doppies, boa-vere, touvesels, blinkertjies, vals ooghare, fietse… o, en het ons sigaretstompies en kabelbinders genoem? MOOP sluit natuurlike goed in. Dit is nie orraait om dit in die woestyn te los nie – in die woestyn vat goed vreeslik vir ewig om te ontbind. Hooi, skulpe, plantmateriaal, vrugteskille, groenteskille, neutedoppe, vere, koffiemoer, ens. is alles goed wat verwyder moet word en teruggevat moet word na waar dit vandaan kom. Waatlemoene? Slegte idee: die skil word 'n etterige wetenskap-eksperiment in jou kar op pad huis toe. **Wat is die teenoorgestelde van fabulous?**

## RESPEKTEER DIE TANKWA: LOS DIT SOOS JY DIT GEKRY HET.

Vullis word nie by Tankwa Town verwyder nie.
Alles wat jy bring, neem jy saam met jou terug.
**Elke. Enkele. Ding.**

## MAAK MINDER GEMORS

**Voor jy koers kies woestyn toe:**

- Verwyder alle onnodige verpakking van alles.
- Moenie glas bring nie, koop blikke of gooi oor in plastiek.
- Moenie jou vere-boa pak nie, ook nie blinkerkies en enige vorm van Styrofoam nie.
- Moenie jou vlieënde lanterns of fakkels pak nie.
- Moenie te veel vars produkte bring nie – as jy dit nie eet nie, ry jy met vrot kos huis toe.

**Glad nie lekker nie.**

## IN TANKWA TOWN

### 01 DRA ALTYD 'N SAK

Wanneer jy klaar is met daardie koeldrank, energie-stafie, kougom of pakkie chips, hoef jy nie die papier of blikkie vas te hou tot jy 'n ander plan gemaak het nie. Die oplossing hang klaar oor jou skouer.

### 02 MOET NIKS OP DIE GROND LAAT VAL NIE

### 03 MAAK ALLES IN JOU KAMP VAS

Jy weet nooit wanneer 'n windstorm kom nie en as alles in jou kamp vasgemaak is, sal niks wegwaai nie. Gebruik vullisdromme met deksels of gebruik "duct tape" om ou vyfliter waterbottels aan jou tentpenne vas te draai.t out, onto your tent poles.

### 04 ROKERS: GEBRUIK 'N DRAAGBARE ASBAK

Dra altyd 'n klein houertjie waarin jy jou stompies en gebruikte vuurhoutjies kan sit.

### 05 MOENIE DIE WOESTYNVLOER VEE NIE.

Nie vir jou kunswerk of vir jou, kamp nie. Jy kan groot klippe skuif, maar moenie vee nie. Die klippe en rotse toor hulself nie weer terug op hul plek wanneer jy Tankwa Town verlaat nie. Die letsels bly vir ewig daar.

### 06 MOENIE GATE GRAWE NIE

Tensy dit help met die ondersteuning van 'n kunswerk. Enige gate wat deur kunsspanne gegrawe word, moet agterna weer gevul word.

### 07 AS DIT MOOP IS, TEL DIT OP

As jy MOOP op die grond sien lê, tel dit asseblief op en vat dit saam met jou.

### 08 GEEN GEMORS IN DIE TOILETTE NIE

Moet asseblief nie enige iets anders as menslike afval - en die enkellaagtoiletpapier en saagsels wat voorsien word - in die toilette plaas nie.

### 09 BEVEILIG JOU VRAG

As jy vertrek, pak versigtig en maak seker dat jou vullis en ander items nie loskom op pad huis toe en die paaie besoedel nie. Soek lekker groot voer- of suikersakke en sit jou swartsakke daarin. Hulle is sterk genoeg om die wind se weerstand te oorleef in die stormloop huis toe op die R355.

### 10 BRING JY 'N KRAGOPWEKKER?

Maak dit klankdig met nie-vlambare materiale en maak seker dat jy nie die uitlaat- of inlaatpype bedek of toemaak nie.

## MOET ASB NIE

Moenie jou rommel of gryswater langs die R355 stort op pad uit nie. En moet dit ook nie langs plaaspaaie of by piekniekplekke doen nie. Vat jou rommel huis toe en raak op 'n verantwoordelike manier daarvan ontslae. Dankie.

Sluit aan by jou bure die Sondag en Maandag na die Burn, of vat twee ure om op jou eie te help om Tankwa Town skoon te maak. Ruim jou kamp op en doen 'n fyn MOOP-skandering om jou staanplek te inspekteer. Jy sal verbaas wees hoeveel goed jy laat bly lê het. Gaan na die Volunteer Booth by 8ish as jy deel van 'n spesifieke skoonmaakprojek wil wees.




Kunswerk deur **Matthew Fraser**

# KLANK








## MUSIEK IS VIR BAIE MENSE BELANGRIKE DEEL VAN TANKWA TOWN, SO AS JY MUSIEK BRING GAAN ALMAL MAL WEES OOR JOU.

Ons terrein is redelik klein (1,6 km oor die langste deel) en wanneer ons dus oor klank raadgee, roep ons ons geliefkoosde agtervoegsel by AfrikaBurn, die magtige “ish”, op. In ons stadsbeplanning en -uitleg, het ons probeer om vir alle smake voorsiening te maak, maar ‘n mens kan ook nie altyd almal tevrede stel nie.




Kunswerk deur **Philippus Johan Schutte**

# VERWYSINGSTERME:

## QUIET ZONE

By AfrikaBurn is stilte 'n relatiewe begrip. Ons het 13 000 gelukkige mense wat die lewe en kreatiwiteit vier en hulle maak geraas op allerhande wonderlike maniere. Tegnies gesproke is hierdie "stil spasies" nie reg langs die groot klanktoestelle geleë nie en het jy 'n beter kans om 'n bietjie slaap te kry.

## LOUD ZONE

Dis die dele toegeken aan kampe wat musiek van die meer deeglik desibel-bedeelde verskeidenheid skenk.

## BUFFER ZONE

Dis halfpad tussen die die twee bogenoemdes. Ons het twee gebiede in Tankwa Town vir kampe wat klipharde musiek skenk. Een is in die gebied rondom 2ish-area (dis vanjaar groter en kyk Noord). Die ander een is op die verste punt van 10ish en die pad wat met 'n L begin.

## AS JY DANSVLOER HET EN NIEMAND DANS NIE, SIT DIT SAGTER OF AF. MORE IS NOG DAG.

Hou dit alles in gedagte wanneer jy 'n kampeerplek kies. Dis maklik; wil jy relatiewe stilte h^e in jou persoonlike kamp? Moenie naby die Loud Zone kampeer nie. As jy jou musiek kliphard wil speel, kan jy eenvoudig net nie in die Stil Zone afpak nie.

# PLASING VAN KLANK

Die afgelope vier jaar was klank ons grootste tameletjie.

Almal in Tankwa Town moet onthou dat radikale selfuitdrukking nie geskei kan word van die beginsels van burgerlike verantwoordelikheid en gemeenskaplike poging nie. Voor jy jou geliefkoosde liedjie uitbasuin, let op waar jou bure is en hoe en waar en waarop jou luidsprekers staan.

Daai woofers en bassbins moet van die grond af gelig wees (op 'n platform soos 'n pallet) en alle luidsprekers moet binnetoe - dansvloer toe - wys. Dit geld alle stilstaande klankstelsels.

As jy 'n versterkte klankstelsel by jou kamp of op jou Kunskar gebruik, hou die volume redelik. Buitensporige harde klank wat aanhou na versoeke of waarskuwings, sal afgeskakel word. Party kunswerke is veronderstel om 'n stil plek vir selfondersoek te wees - respekteer dit en demp jou klank wanneer jy kunswerke of vertonings nader.

Kragopwekkers? Insuleer hulle met nie-vlambare dempingsmateriaal.

## LET WEL

Daar is Klank-Rangers by die Off Centre Camp. As jy hulle nodig het, gaan soontoe en vra die Vrywilligers om hulle oor die radio te roep. Hulle sal ook dansvloere besoek om te kyk dat klanktoestelle reg geplaas is. Werk asseblief saam met ons span om te verseker ons kry die beste resultate vir jou en jou bure.

Kunswerk deur **Philippus Johan Schutte**




## DEKOMMODIFISERING

AfrikaBurn is gedekommodifiseerd. Dit beteken handelsmerke is nie welkom nie. Advertensies? Allamagtig, nee! Dit hoort nie in Tankwa Town nie, wat glad nie die plek is (of ooit sal wees) om jou loopbaan, besigheid, webwerf of produk bekend te stel nie.
’n Bakkie by die werk geleen wat logos ophet? Maak dit toe. Het jy ’n trok of RV gehuur? Bedek of versier die logos. Handelsmerke in ’n plek waar daar niks te koop of te verkoop is nie? Dit hoort nie hier nie. So ook nie die werwing van besigheid, voor, gedurende, as gevolg van of ná die byeenkoms nie.

## VERANTWOORDELIKE SKENKING

Is jy deel van ’n Temakamp wat kos of drank skenk? As jou geskenk alkohol bevat, wees daarvan bewus jy verantwoordelik is vir dié aan wie jy drank skenk. As iemand lyk of hulle nie wettig mag drink nie, vra identifikasie. Almal wat die Burn bywoon, kry ‘n armband en die wat jonger as 18 jaar is, kry ’n spesifieke kleur.

Kunswerk deur **Natasha Viljoen**

# PERSOONLIKE VEILIGHEID

## SPEEL VERSIGTIG

- Skryf jou ID-nommer onder jou armband; dan kan ons in ‘n noodgeval uitvind wie jy is.
- Dra altyd water saam. Drink gereeld water, veral as jy alkohol ook drink. Die beste manier om jou hidrasievlakke te bepaal? Ligter pie is gesonder pie; donkerder nie soveel nie. Om ‘n blaasinfeksie te vermy, pis gereeld – dit geld vroue ook!
- Bring sonskerm en ’n hoed. Gebruik albei!
- Bring ‘n stofbril en ’n bandana – stofstorms is net pret as jy voorbereid is.
- Persoonlike beligting: verlig daardie lyf van jou wanneer jy in die aand uitgaan. Maak seker jy kan sien en dat jy gesien kan word. Bring ’n flits en ‘n koplamp (of twee) en ligte vir jou kamp.
- As jy ’n fiets het, verlig dit.
- Daar is slange, spinnekoppe en skerpioene in die Tankwa – kyk in jou skoene voor jy dit aantrek, en inspekteer jou beddegoed en tent voor jy oppak.
- Alle kampe behoort ’n veeldoelige (Droë Chemiese Poeier) gedienste brandblusser en volledige noodhulpkissie te hê. Benoem ’n Veiligheidsbaron om die veiligheidsaspekte van jul kamp te behartig en maak seker alle kamplede weet waar die noodhulpkissie en die brandblusser is.

## TOEVLUGSOORD (SANCTUARY)

Voel jy oorweldig deur alles wat rondom jou gebeur? Kan jy nie jou situasie so

goed hanteer nie? Is dit geestelik ’n rowwe tyd? Kies koers “Sanctuary” toe by die “Off-Centre Camp” (tussen 8ish en 9ish op die Binnekring) vir ’n stil, kalm plek waar jy met iemand kan praat of net ’n blaaskansie kan vat. Neem asseblief kennis dat Sanctuary nie ‘n plek is vir dronkies om hul roes te kom afslaap nie.

## GESONDHEIDS WAARSKUWINGS EN RAAD

As jy oor enigiets twyfel, is daar raad by Sanctuary of die Rangers – ons hou ons ore op die grond, sodat enige gesondheidsprobleme vroeg identifiseer kan word. Ons help ook mense om moontlike persoonlike risiko’s te identifiseer en om dit te vermy.

## ONDERSTEUNING

As jy of jou geliefdes dink jy het dalk ‘n probleem met drank of ander substanse, is daar ondersteuning en oplossings beskikbaar op verskeie plekke, wat nie net op soberheid of onthouding staatmaak nie. As jy in die verlede ‘n ongemaklike ervaring gehad het, kom na die Sanctuary toe, ons wil graag help om sin te maak daarvan en help dat dit nie weer gebeur nie.

## NUGTER BURNING

As jy ‘n nugter “burner” is, het ons ongelooflike ondersteuningsnetwerke wat net wag vir jou om in te skakel.

## TOESTEMMINGS GIDS OM WDF? OOMBLIKKE TE VERMY

‘n Geskenk is net ‘n geskenk as die ontvanger daarvoor “Ja” of verkieslik “Hel, ja!” s^e. Vir ‘n geskenk of toenadering om in die haak te wees, moet die ontvanger Ja, dankie of Nee, dankie kan s^e daarvoor.

## AS IEMAND NIE IN STAAT IS OM “JA” TE SE^ NIE, GEE JY HULLE NIE GEEN GESKENK OF ERVARING NIE.

As iemand nie in staat is om ja te se^ vir ‘n koppie tee nie, moet NIE vir hulle tee maak nie, of tee in hul kele afdwing nie en moet ook nie suurgat raak as hulle nie ja se^ nie. As hulle ja s^e en dan van plan verander, moet steeds nie die tee in hulle kele afgooi nie, of aandring daarop dat hulle dit drink omdat hulle tevore ja gese het nie.

## NIE IN STAAT OM TOESTEMMING TE GEE NIE BETEKEN ONDER ANDERE:

- Te jonk
- Te dronk
- Aan die slaap of bewusteloos
- Te bang of geintimideer
- Te siek

Naaktheid, min klere of selfs rowwerige gedrag is nie ‘n uitnoding om seks te he^ of enige vorm van intieme fisiese kontak te begin nie. Die enigste uitnodiging is ‘n uitgesproke uitnodiging. Om iemand se onvermoe” tot instemming te ignoreer, druis nie net in teen alles waarvoor AfrikaBurn staan nie – DIS KRIMINELE GEDRAG.

Dis so eenvoudig: ja beteken ja; nee beteken nee; miskien beteken nee en stilte beteken nee.

## DIE STANDAARD VIR TOESTEMMING IN ONS GEMEENSKAP IS ‘N ENTOESIASTIESE JA!!

En as jy nie ene kry nie, is dit jou verantwoordelikheid om ook niks te probeer skenk nie.


**Vir ‘n goeie uiteensetting van wat instemming presies behels, kyk hierdie video.**

SIEN VIDEO





# MEDIESE INLIGTING





Kunswerk deur **Karl Schulschenk**

## DOKTER SE

- Wees verantwoordelik vir jouself en jou mediese kondisies. Dink asseblief wat jy moet saambring en lees die inligting hier onder om te verstaan wat AfrikaBurn se mediese personeel verskaf en wanneer jy hulle daarom vra.
- Daar is mediese personeel by die Burn, maar hulle is slegs daar vir noodgevalle, en mag pasiënte wegwys as dit nie ‘n noodgeval is nie.
- Bring asseblief genoeg van jou voorskrifmedisyne.
- Ingeval van ernstige noodgevalle, kan die medici die pasiënt per ambulans of helikopter vervoer.
- Bring ‘n noodhulpstel. En sit ekstra pleisters en oogdruppels (vir die stof) daarin. En Citrus Soda.

## MEDICS! O FOK, WAAR'S DIE MEDICS?

By die “Off Centre Camp” tussen 8ish en 9ish by die Binnekring.

**KYK VIR DIE GROOT ROOI KRUIS EN MEDICS-BORD.**

## LET WEL: AFRIKABURN BETAAL NIE VIR ENIGE MEDIESE ONTRUIMING NIE.

## INGEVAL VAN ‘N MEDIESE NOODGEVAL

- Bly by die persoon wat hulp nodig het.
- Vra iemand anders (enigiemand anders) om die medics te gaan roep. Maak seker jy gee instruksies van jou presiese ligging. Byvoorbeeld: “Sê hulle ons is omtrent 10m agter die Burning Mail-kamp op 9ish”
- Moenie die persoon skuif nie.
- Maak die persoon gemaklik, (sit ‘n trui onder sy kop ens.) en wag vir die mediese span.
- Moenie paniekerig raak nie

**Hier is die soort ongevalle wat behandel sal word:**

- Diarree
- Medisyne vir naarheid en braking
- Kwaai hoofpyn
- Lae bloeddruk
- Ontwatering
- Koors
- Kouekoors
- Anafilaktiese toestande
- Insekteke of -byte
- Ligte asmatiese noodgevalle
- Ligte sagte weefselbeserings
- Sonbrand en ander geringe brandwonde
- Stabilisering van breuke

**Erger beserings soos di’e hier onder sal, soos gepas, deur ambulans of helikopter na die naaste groot hospitaal verwys word, met die pasi”ent verantwoordelik vir vervoer. Ons beveel aan dat daar ‘n aangewese bestuurder in jul kamp of vriendekring is vir di’e noodgevalle:**

- Matige beenbreuke
- Gestabiliseerde sagte weefselbeserings
- Gebreekte tande
- Alle nie-lewensgevaarlike en gestabiliseerde beserings
- Blaasinfeksie (UTI) – pis tog asseblief gereeld.

**Ernstige beseerdes (met die probleme hier onder) sal na die diskresie van die hoof-mediese beampte per ambulans of lug (indien nodig) na die naaste groot hospitaal vervoer word:**

- Pasiënte wat bygebring is
- Ernstige beenbreuke
- Ernstige asmatiese toestande
- Erge harsingskudding
- Ernstige snywonde, brandwonde en sagte weefselbeserings
- Alle kritieke noodgevalle wat ontruiming deur ‘n vliegtuig benodig.

# VUUR

## BENEWENS BRANDENDE KUNSWERK, IS DIE FOKUS VAN BRANDBEHEER IN TANKWA TOWN VERMYDING, BEWUSTHEID EN AKTIEWE VOORKOMING.



**As iets aan die brand slaan, sal ons mense na veiligheid lei en die voorwerp waarskynlik laat uitbrand. Rangers beskerm mense - nie eiendom nie. Wees voorbereid en weet wat om te doen.**
**Bring genoeg brandblussers en weet hoe om dit te gebruik. Oefen die Engelse P.A.S.S (pull, aim, squeeze, and sweep).**

- As jou tent brand, moet jy nie ingaan om jou besittings te probeer red nie.
- Wanneer jy jou kampuitleg beplan, los ten minste 3 meter oop tussen vlambare items. Plaas jou tent 3m weg van jou kragopwekker, wat weer 5m weg van jou brandstof af moet wees. Dit geld vir jou motor en RV ook. Alle kampe wat brandstof stoor en oop vure het, moet 'n brandblusser hê wat sigbaar en byderhand is.
- Jy mag nie vuur direk op die grond maak nie, maar jy mag een binne 'n vuur drom of braai maak.
- Vure mag nie sonder toesig gelaat word nie. Die Rangers sal hulle blus!
- Jy mag nie kunswerke brand wat nie goedgekeur is nie. As jy iets aan die brand wil steek wat jy gemaak het, laat die Kunsspan weet. Kontak hulle by die Arteria by Off-Centre Camp.
- As jy enige struktuur brand, behou 'n veiligheidsomtrek minstens drie maal so ver as die struktuur hoog is. Selfs meer as die wind waai. Meet die grens en merk dit met ligte, vasgespykerde band of enige ander veilige merkers.

## KAMP VEILIGHEID

Moenie te veel brandstof stoor nie en stoor dit in die skaduwee ten minste 10m weg van die aktiwiteite in die kamp – NIE IN DIREKTE SONLIG NIE. Petrol by die kamp moet tot 'n minimum beperk word en gemerk wees met 'n bordjie wat aandui dat daar brandstof in die kamp is.

Hou vuurveiligheid in gedagte. H^e minstens twee brandblussers gereed per 50 vierkante meter en, as jy met olie kook, hou 'n brandkombers byderhand.

As jy besonder baie gas en brandstof wil stoor (vir kampe, kuns of Kunskarre), kontak die Brandveiligheidsoffisier by die OCC en reël om jou brandstof veilig te stoor.

## VUURLANTERNS, FAKKELS EN VUURPYLE? AIKONA!

Pragtige swewende doodsmasjinerie. Mobiele brandstigting. 'n Ernstige brandgevaar wat probleme skep met buurplase en die Tankwa Karoo Nasionale Park. Vlieënde lanterns word strikke vir diere. Moet dit nie eens bring nie; jy sal net gevra word om te blus. Eweneens geen fakkels (flares), vuurwerk of vuurlanterns nie.

As dit brand of 'n brand kan veroorsaak, moet dit nie in die lugruim van Tankwa Town inskiet nie, dankie.

## BRANDVEILIGHEID

Ons Tankwa Town Vuurveiligheidspan werk vir 'n veiliger Burn-gemeenskap. Die inligting hieronder kan jou help bewus maak van moontlike gevaar terwyl jy kampeer.

### KARAVANE EN GASBOTTELS

- Ruil altyd die silinder in die oopte om, weg van enige moontlike aansteekpunt.
- Verseker die verbindings is lugdig. Die beste manier om dit te doen is om 'n bietjie opwasmiddel in water te sit en met 'n sagte kwas oor die verbindings te verf: Geen lugblasies = geen lekkasies.
- Draai die hoofklep toe wanneer dit nie gebruik word nie.
- Hou die gasbottels buite jou karavaan.
- Voor jy gaan slaap of as jy die karavaan verlaat, skakel alle toestelle af. Draai die gasbottel toe, tensy daar toestelle - soos die yskas - ontwerp is om aanhoudend te werk.
- Moet nooit die stoof of verhitting gebruik terwyl die karavaan beweeg nie.

### INDIEN JY 'N LEKKASIE VERMOED

- Skakel alle toebehore af
- Maak alle deure en vensters oop
- Moenie rook nie
- Moenie elektriese skakelaars gebruik nie

### ANDER GEVARE

- Wees versigtig as jy kook, moet nooit 'n plaat aan los of 'n oop vlam sonder toesig laat nie.
- Hou vuurhoutjies weg van kinders
- As jy rook, gebruik metaalasbakke
- Moenie in die bed rook nie
- Kinders moet nooit alleen in 'n karavaan gelaat word nie.
- Verseker lugsirkulasie in jou karavaan. Moenie die ventilasiegate blokkeer nie. Dit kan dodelik wees.

### TENTE

- Laat 'n veilige afstand tussen tente, karavane en motors.
- Moenie kerse of oop vlamme binne of naby tente gebruik nie. Flitse is baie veiliger.
- Ontvlambare vloeistof en LP Gas moet buite die tent gebêre word.
- Die gebruik van toestelle wat met lampolie werk, word afgeraai. Stoor ekstra brandstof by die regte plek – vra die OCC waar.
- Toerusting wat olie brand, is nie 'n goeie idee nie.
- Kooktoestelle moenie binne klein tente gebruik word nie.
- Hou kooktoestelle weg van die kant en dak van die tent waar dit maklik omgestamp kan word.

Kunswerk deur **Skubalisto**

## OOP VURE

**Let wel: By AfrikaBurn word jy nie toegelaat om 'n oop vuur op die grond te maak nie. Ja, ons het dit al drie maal ges^e. Dis uiters belangrik.**

## AS JY 'N VUUR HET:

- Moet dit op 'n verhewe platform wees, en minstens 10m windaf van enige tent.
- Verwyder alle hout, blare, ens. om die vuur sodat daar 'n oop sirkel grond rondom is.
- Bou die vuur sodat dit binnetoe sal val as dit brand. Jou vuur moet verkieslik nie juis hoër as jou vuurdrom of braai brand nie.
- Moet nooit die vuur sonder toesig laat nie.
- Maak seker dat alle vure ten volle geblus is.
- Hou 25l water (en/of 'n brandblusser) byderhand om vure te blus.
- Kontak die Rangers, Veiligheidspersoneel, Mediese personeel of Brand-afdeling en gee die akkuraatste verwysing, bv "Hoek van "hoek van 9ish en Straat A".
- As dit onmoontlik is - gebruik 'n landmerk soos 'n temakamp of 'n kunswerk.
- As jy dit gedoen het en dit veilig is, verwyder enige voorwerpe - tente, hout, voertuie, jou skoonma, ens. daarvandaan.

## RIGLYNE VIR OOP VURE, KONKAS, BAMBOESFAKKELS ENS. BINNE TEMAKAMPE:

- Oop vure op die grond word nie toegelaat nie. Vuur- en braaidromme word toegelaat.
- Geen konkas of braaivleisvure mag ooit sonder toesig gelaat word nie. As dit sonder toesig gevind word, sal dit geblus word.
- Minstens een kamplid moet Veiligheidsbaron wees en verantwoordelik vir vuurveiligheid.
- As die wind woes begin waai, moet alle oop vure geblus word en konkavure moet geblus word as vonke daarvandaan begin spat.
- Oop vure of konkavure moet geblus word as Nooddienste of Rangers dit vra.
- Hou minstens sewe meter rondom enige vuur skoon van goed wat maklik vlamvat, soos doek, papier, tente, plastiek en dies meer.
- Hou alle vloeibare brandstof minstens 15 meter van jou vuur af.
- Minstens 25 liter water (en/ of 'n brandblusser) moet byderhand wees om enige vuur te blus as die wind opsteek of iets anders erg skeefloop.
- Vuurkonkas moet vasgemaak en ingebou word sodat die bodem minstens 15 cm van die grond af is om die grondoppervlak te beskerm.
- En naTUURlik: petrol is 'n uiters gevaarlike manier om vuur te maak. Plofbare damp kan dadelik opbou en, as die vuur dan aangesteek word, jou blitsig brand.

## LET WEL

**Onthou asseblief dat petrol 'n gevaarlike stof is om vure mee aan te steek. Plofbare gasse bou dadelik op wanneer dit aangewend word - wanneer die vuur aangesteek word kan die gas aan die brand steek en jou beseer.**

## INDIEN 'N VUUR UITBREEK

- Kontak die veldwagter, sekuriteit, medies of vuur-takke en gee die presiese plek van die vuur deur.
- Indien moontlik, gee 'n straat adres - "Hoek van 9-ish en A-straat..." ens.
- Indien 'n straatadres nie relevant is nie, gee die lokasie van 'n landmerk of kunswerk voor.
- Nadat jy die bogenoemde stappe gevolg het, verwyder enige voorwerpe (soos tente, hout, motorvoertuie, jou skoonma, ens.) vanuit die omgewing van die vuur - indien dit veilig om so te doen.

## STOOR VAN BRANDSTOF

**Indien jy 'n hoë volume brandstof of gas in jou besitting het, maak asseblief spore na Off-Centre Kamp en vra na oor die moontlikheid om dit by die brandstof-dump te stoor.**



# KINDERS

## DIS WONDERLIK OM KINDERS AFRIKABURN TOE TE BRING, MAAR JY MOET HULLE VOORBEREI EN SELF VOORBEREID WEES.

## BEREI JOU KINDERS VOOR

Vertel jou kinders vooraf waty hulle dalk mag sien en hoor. Naaktheid, ikonoklastiese kunswerke, seksualiteit, vloekwoorde, kulturele kommentaar en vreemde gedrag is alles deel van die AfrikaBurn-ervaring.

Stuur hulle anderkant toe vanaf goed waarmee jy ongemaklik voel, maar gesels doodordin^er met hulle oor die goed waaroor hulle nuuskierig is.

Wat is jou kind se gewone verwysingsraamwerk? Het hulle al kampeer? Praat met hulle oor voor-die-handliggende veiligheid. S^e hulle aan om versigtig te wees en nie te naby aan aggressiewe kuns, vernietigende robotte en bewegende voertuie te gaan nie. Hulle moenie in as of vuuroorblyfsels speel nie. 'n Bietjie voorsorg strek ver in 'n chaotiese omgewing. Alle ouers moet na hulle kinders omsien en is ten alle tye verantwoordelik vir hulle veiligheid en welstand.

Jy en jou kinders moet altyd weet wie vir hulle verantwoordelik is. Gee eerder vir hulle te veel inligting, as om hulle gestrand te los sonder die nodige inligting. Ouers wat nie verantwoordelik optree ten opsigte van hulle kinders nie, kan gevra word om die byeenkoms te verlaat.

## RANGER BOB SE

Klein kindertjies by die Burn is wonderlik, maar jou deursnee-tiener is dikwels 'n nagmerrie, des te meer so in 'n anargistiese enklawe vol musiek, drank en hope versoeking. AfrikaBurn is beslis nie die plek om jou afsydige tiener te bring om nader aan mekaar te beweeg nie.

## TOPWENKE VIR OUERS

### 01 ORIENTEER JOU KINDERS

Wanneer julle by Tankwa Town aankom, loop saam met hulle rond en identifiseer landmerke wat hulle gaan help om hul weg te baan en veilig te wees.

### 02 LEER KEN JOU BURE

Die gemeenskap is een van die groot sterkpunte by AfrikaBurn. Bure help om na jou kinders, fietse en goed by jou kamp om te sien. Jy sal dieselfde vir hulle doen.

### 03 REEL VROEGOGGEND AKTIWITEITE

Kinders mag dalk lank voor jou wakker word en dan dwaal hulle rond.

### 04 BESKERM HULLE TEEN DIE ELEMENTE

Jou kinders moet stewige skoene en 'n hoed dra. Smeer hulle vol sonskerm en maak seker hulle vat genoeg water waar hulle ook al gaan.

### 05 MERK JOU KIND SE FIETS

Gebruik duct tape en 'n permanente koki en merk jou kind se fiets met hul naam, jou naam en jul kampadres.

### 06 MOENIE JOU KINDERS BY TEMAKAMPE LOS NIE

Jy wil dalk 'n bietjie op jou eie rond drentel en jouself geniet, maar om jou kinders by 'n Temakamp te los, veral sonder hulle goedkeuring, is onverantwoordelik en onregverdig teenoor die Temakampe en jou kinders.

### 07 OUER KINDERS

Ouer kinders gaan hulle grense wil verbreed en bietjie op hul eie rondloop - stel riglyne op waarmee albei van julle gemaklik is, insluitende van hoe ver hulle kan gaan en hoe gereeld hulle moet kom rapporteer.

## LET WEL

Temakampe kan nie alkohol aan persone jonger as 18 jaar gee nie, en kampe wat alkohol skenk, kan vir identifikasie vra indien hulle onseker voel oor 'n persoon se ouderdom.

**Vir meer inligting, sien ons blog vir uitstekende raad:**

LEES ARTIKEL

# FOTOGRAFIE EN MEDIA

Tankwa Town is een van die mees fotogeniese plekke op die planeet, maar onthou asseblief jy is hier om deel te neem en moet daarom nie vergeet om betrokke te raak nie. Moenie die hele ding deur die lens waarneem nie, jy is deel van die konsert. Omhels die onmiddellike en hou in gedagte dat ons mense se reg tot selfuitdrukking respekteer.

Media by ons byeenkoms gee ons kans om die wêreld in te lig en te beïnvloed deur te illustreer en dokumenteer wat ons as 'n gemeenskap doen. Verslaggewing en dokumentasie is uitdrukkingsvorme wat ons verwelkom en diegene wat hier verfilm, het onderneem om nie met deelnemers se ervaring in te meng nie.

As enige iemand met 'n kamera jou ervaring opneuk deur nie jou privaatheid te respekteer nie, vra asseblief hul naam en rapporteer dit aan die Mediasentrum by die 'Off Centre Camp'.

## MEDIA, KAMERA EN DOKUMENTARE INLIGTING

- Een van die grondbeginsels van AfrikaBurn is dat deelnemers nie inmeng met ander se ervaring nie. As 'n lid van die media, word daar van jou verwag om altyd met respek op te tree. Indien jy dit doen, sal jou dekking veel eerliker en meer betekenisvol wees. As iemand jou vra om op te hou verfilm, respekteer dit en stop dadelik. Indien jy aanhou om die persone te verfilm, loop jy die risiko dat jy van die byeenkoms verwyder mag word.
- Jy moet toestemming vra voor jy 'n individu wat herkenbaar kan wees, kan afneem of verfilm. Groepfoto's of video-grepe word hiervan gevrywaar tensy die kunstenaar, optreder of meerderheid van die groep vra dat daar geen kameras of film betrokke is nie.
- Lede van die media moet hul aankoms by die Mediasentrum by 'Off Centre Camp' rapporteer, waar hulle dan registreer en hul akkreditasie kan afhaal. Die Mediasentrum is daagliks oop van 10vm tot 2nm.
- As jy dit oorweeg om enige van die foto's, video- of klankgrepe wat jy by AfrikaBurn geneem het, vir kommersiële doeleindes te gebruik, moet jy binne 90 dae 'n kopie van jou werk aan die organiseerders van die geleentheid verskaf vir die argief. Indien jou werk naproduksie benodig, moet jy 'n kopie verskaf sodra dit klaar is.
- Die organiseerders laat nie voorraadfoto-agentskappe toe nie.



## ORGANISEERDERS SE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

AfrikaBurn het die verantwoordelikheid om 'n omgewing vir deelnemers te skep waar ongeskikte en onverantwoordelike gebruik van fotografie of video-opnames nie geduld word nie. Enigeen wat nie die regte of wense van 'n ander in terme van foto's, video of ander opnames respekteer nie, mag gevra word om die Burn te verlaat.

AfrikaBurn behou die reg voor om die gebruik te verbied van enige beeldmateriaal of klankopnames vir nie-goedgekeurde kommersiële doeleindes, veral as die gebruik daarvan persoonlike uitdrukking of die privaatheid van deelnemers skend en die integriteit van die byeenkoms ondermyn.

## FOTOGRAWE, VIDEOGRAWE EN OUDIOGRAWE

- Jy het die reg om kuns te skep deur fotografie, videografie en/of as klankkunstenaar. Dis jou verantwoordelikheid om mense wat jy wil afneem met die nodige respek te behandel. Jy moet ook eers toestemming vra voor jy enige persoon in klank of beeld vaslê.
- Daar is geen beperking op foto's, beeldmateriaal of klankgrepe wat vir persoonlike doeleindes gebruik word nie, maar materiaal wat gepubliseer gaan word, kan slegs gebruik word deur 'n geregistreerde party.

**Registreer hier:**

**REGISTRASIE**

**Of gaan na die Media Centre op die terrein.**

- Enigiemand wat foto's of videos neem op onverantwoordelike wyse, sal gevra word om hul toerusting af te skakel; of in ernstige gevalle om die Burn te verlaat.

## KUNSTENAARS SE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

- Jy het die reg om die beeld van jou kunswerk of optrede te beskerm.
- Jy het die reg om iemand te vra om op te hou jou kunswerk of vertoning af te neem as dit nie jou goedkeuring wegdra nie.
- Jy het die reg om erken te word as die skepper van jou werk in enige gepubliseerde gebruik van jou werk en moontlike vergoeding te eis.
- Jy kan kopiereg en handelsmerkreg op jou unieke kunswerk afdwing. Om die grootste moontlike geregtelike beskerming te geniet, moet kunstenaars vir kopiereg aansoek doen.
- As beeldmateriaal van spesifieke kunswerke vir publikasie-doeleindes gebruik word, moedig ons die media aan om spesifieke kunstenaars te erken.

## DEELNEMERS SE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

- Jy is verantwoordelik vir jou persoonlike beeld en moet vir fotograwe vra hoe foto's van jou gebruik gaan word. Indien jy 'n probleem ondervind, rapporteer dit aan 'n Ranger of by die Mediasentrum.
- Jy het die reg om iemand te versoek om op te hou om beeldmateriaal van jou vas te lê, of om jou stem op te neem. Hou egter in gedagte dat die aard van radikale selfuitdrukking ook daarin lê om ekspressie vas te lê.
- Jy het die reg om te weet wat iemand beplan met jou beeld.

**DIE GEBRUIK VAN ENIGE BEELDMATERIAAL WAT BY AFRIKABURN OPGENEEM IS, (VIR NIE-PERSOONLIKE DOELEINDES) SONDER VOORAF GESKREWE TOESTEMMING VAN AFRIKABURN, WORD VERBIED.**

Kunswerk deur **Philippus Johan Schutte**

**Fietse is noodsaaklik in Tankwa Town, want hulle maak alles makliker bereikbaar. Hou in gedagte dat fietse nie publieke eiendom is nie. Maak seker jou fiets is in 'n goeie werkende toestand voor jy by die Burn aankom en bring jou gereedskap soos 'n draadborsel, kettingolie en ekstra binnebande saam.**

## #1 DIE BELANGRIKSTE FIETSWENK? SLUIT DIT OF VERLOOR DIT!

Selfs in die kamp! Fietse verdwyn en verskyn weer nadat almal weg is. En party verdwyn en word nooit weer gesien nie. Sluit jou fiets! Moenie jou fiets aan ankertoue of kunswerke vasmaak nie – dit kan vertonings belemmer of geskeduleerde brande vertraag. Geen fiets word as gesteel beskou voor die slot oopgebreek is nie en geen fiets word as verlore beskou tot na die Burn nie.

## VERSIER JOU FIETS

Die kans is baie minder dat jou fiets sonder toestemming geleen gaan word as dit uniek lyk. Verlig dit in die aande. Gebruik LED's, EL-draad, sonkragfeetjieligte of waarmee jy ookal vorendag kan kom - raak kreatief!

## MERK JOU FIETS

Met jou naam, selfoonnommer, e-posadres en kamp se ligging.

## BRING EKSTRA PARTE

Bring ekstra binnebande, buitebande en 'n lekplekstelletjie (dit is 'n baie goeie geskenk aan iemand wat dit dalk nodig het). Jy kry dit dalk nodig, en indien nie, kan jy diegene help wat dit wel nodig het.

## LAAT GEEN SPOOR

Moenie jou fiets by AfrikaBurn laat lê nie: om fietse wat agterbly uit te sorteer, strek ons reeds beperkte hulpbronne tot die uiterste. En het ons al genoem, dat as jy dit nie sluit nie, kan jou fiets verdwyn? As ding woes raak, kry fietse voete. Sluit dit toe – veral as jy jou vriend se R25000, ekstra spesiale, verchroomde, beperkte uitgawe, Himalayan bergfiets geleen het, of jy kan die wees wat in jou bier sit en huil.

## SLUIT.JOU.FIETS.

## HOE OM NIE JOU FIETS TE VERLOOR NIE

Om jou kanse te verbeter om met jou verlore fiets herenig te word:

- Merk dit met jou naam, kamp- en e-posadres.
- Neem 'n foto daarvan op jou foon of kamera. Of beide.
- Skryf die maak en model daarvan iewers veilig neer.
- As jy jou fiets tydens die Burn verloor, stuur 'n beskrywing daarvan aan lostandfound@afrikaburn.com
- Doen dit sodra jy by die huis kom, want daar is net 'n klein rukkie om jou fiets agterna te identifiseer voor die DPW oppak en huis toe kom.


## VERLORE FIETS-PROSEDURE

01 Enige verlore fietse wat op die terrein gelos word, sal gedokumenteer en gefotografeer word.

02 Eienaars van verlore fietse het twee weke om hul fiets met besonderhede te identifiseer.

04 Geëiste sal teruggebring word vanaf die tankwa, en eienaars sal via epos in kennis gestel word.

05 Onopgeëiste fietse, sal soos in die verlede, aan minderbevoorregte gemeenskappe in die Tankwa geskenk word.





# KUNSKARRE

## JOU KUNSKAR SAL SLEGS TOEGELAAT WORD OM OP DIE BINNEKRING TE RY INDIEN JOU RYDING REEDS VOOR DIE BURN GEREGISTREER IS.

**Maak seker jy het dit by die DMV geregistreer (en dat hulle die toegangspermit vir jou aankoms uitgereik het).**

- Enige en alle voertuie op soek na DMV-lisensiëring moet alle bestuurder(s) laat afteken op 'n ter plaatse veiligheids- en vrywaringsvorm.
- Elke bestuurder van die Kunskar moet vrywaring teken en moet die voertuig vergesel vir finale registrasie en lisensiëring.
- Die vrywaringsvorm moet voltooi en onderteken word en op jou persoon wees sodra jy deur die hek tree.
- As jy nie voldoen aan die reëls nie, verstaan en aanvaar jy dat die voertuig onmiddellik geïmmobiliseer kan word. En dat die DMV-lisensie (en/of die bestuurder se reg om dit op perseel te bestuur) herroep kan word vir 'n tydperk van tussen 48 uur en die duur van die byeenkoms (waarvan die duur word bepaal deur DMV-leierskap, namens AfrikaBurn). So 'n bestuurder kan ook uit die byeenkoms gesit word.

## BAIE BELANGRIK

Kunskarre wat vlamme of enige ander dodelike wapens as effek het, moet die DMV voor die Burn skakel en 'n toets op die perseel doen.

**Stuur 'n e-pos aan dmv@afrikaburn.com vir meer inligting**.

# DMV SE GEBOOIE VIR KUNSKARRE

## 01 JY SAL
Elke moontlike poging aanwend om jou gholfkarretjie, trok of limo te versier/herskep of om te tower.

## 02 JY SAL NIE
Enige amptelike voertuig steel,"leen" of opkommandeer nie. Diefstal en beskadiging van enige voertuie sal nie geduld word nie – ons behou die reg voor om enigiemand wat gevang word, uit te gooi.

## 03 JY SAL NIE
Probeer om 'n bewegende kunskar, gemuteerde voertuig, vliegtuig, lugballon, helikopter of enige ander vlieënde of bewegende voertuig te stop, belemmer of daarop te klim nie.

## 04 JY SAL
Ronddans, jou arms swaai en mooi vra om op 'n verbygaande gemuteerde voertuig te klim. Wanneer die voertuig doodstil staan, vra hulp (indien nodig) om op 'n veilige, paslike manier op te klim. S^e dankie vir die bestuurder. As die gemuteerde voertuig om welke rede ook al nie stilhou nie, moet asseblief nie probeer om op te spring of dit agterna te hardloop, of die bestuurder vasbind of net met hom tief nie.

## 05 DAAR IS GEEN REEL 5
Gaan reguit na Reel 6, moenie R200 ontvang wanner jy begin verby gaan nie. Bly uit die tronk uit. Skink 'n bier. Haal diep asem. Wees gaaf met klein diertjies en onthou om jou ma van tyd tot tyd te bel. En om vadernaam, hou op om jou oor jou oor jou gewig te bekommer. Jy is pragtig net soos jy is. Reg, waar was ons? O ja, hou aan lees, jy's amper klaar.

## 06 JY SAL NIE
Probeer om op of af van 'n bewegende gemuteerde voertuig/kunskar te klim nie. (ingeval jy dit nie die eerste keer verstaan het nie)

## 07 JY SAL NIE
Enige gemuteerde voertuig bestuur of enige van die effek-aanpasings gebruik sonder toestemming van die eienaar(s)/bestuurder(s) nie; insluitende die skiet van kanonne, aartappelkanonne, saagselkanonne, gebruik van aantreklike liggaamsdele van insittendes, klank, ligstelsels, ens, ens.

## 08 JY SAL NIE
Die bestuurder aanhou, flous, lastig val of kaap terwyl hy in beheer van die gemuteerde voertuig is nie.

## 09 JY SAL
'n Goeie tyd hê (asof jy nie klaar weet nie)...

## 10 JY SAL
Ten alle tye op die uitkyk wees vir die veiligheid van jou mede-freaks, ruimtewesens en ander verbygaande mese – al is dit jou gewese meisie wat onlangs by jou pa geslaap het.

## 11 JY SAL
Enige voorvalle, verbreking van re"els en/of probleme dadelik aan die Rangers en DMV vermeld.

## 12 JY SAL
'n Geregistreerde bestuurder vir die gemuteerde voertuig he. Sy/hy sal 'n gelamineerde etiket dra wat deur die sexy DMV met registrasie uitgereik word.

## 13 ALLE KUNSKARRE
Moet 'n veeldoelige brandblusser en omvattende eerstehulpkissie aan boord hê.

## 14 ALLE KUNSKARRE
Met sleepwaens moet kondukteurs en stappers hê. As jou Gemuteerde Voertuig daarsonder gevind word, sal dit gestop word, tot jy 'n volle span het wat aan die vereistes voldoen.

## 15 MOET ASSEBLIEF NIE JOU VOERTUIG AGTER LOS NIE!
Indien beskadig, rapporteer asseblief dit by Off-Centre Camp en vra hoe jy kan kontak maak met die plaas-eienaar.

# OM BY TANKWA UIT TE KOM

Mense het al op die R355 gesterf en baie kop-aan-kopbotsings het al plaasgevind. As jy roekeloos bestuur, gaan dit sleg eindig.

## HIER IS DIE TIEN GEBOOIE VIR DIE PAD

**01** Moet nooit verbysteek as jy nie vooruit kan sien nie. NOOIT.

**02** Beplan vooruit om op 'n goeie tyd te vertrek. (Sondagoggend tussen 8vm en 10vm is NIE 'n goeie tyd nie).

**03** Kyk vir alternatiewe besienswaardige roetes huis toe (Calvinia, Koue Bokkeveld ens.)

**04** Om by die huis te kom, GAAN die hele dag vat. Ry stadig en geniet die reis.

**05** Moet NIE tot Sondagoggend partytjie hou en dan dadelik in die pad val om die verkeer te probeer klop nie. Ons deel almal die pad en moet veilig by die huis kom.

**06** As jy nie vooruit kan sien nie, ry stadiger. Dis nie Days of Thunder hierdie nie. Om jou lyn te hou en deur die stof te ry is nie die antwoord nie. Verminder eerder spoed tot 10km/h en hou so ver links as moontlik. MOENIE doodstil stop nie, want daar is karre agter jou wat ook nie kan sien nie.

**07** Party mense ry REGTIG stadig, dalk omdat hulle by hul laaste spaarwiel trek en di'e propvol tyre-weld is. As jy een van daai mense is wat 20km/h ry, trek so dan en wan van die pad af en laat mense verbykom.

**08** Ondersteun die Padstal. Stop, ontspan 'n bietjie en laat van die verkeer verby jou kom.

**09** Indien jy moet stop om 'n band om te ruil of wat ook al, maak seker jy is 100% van die pad af getrek.

**10** Wees lekker. Behandel mense soos jy behandel wil word. Ons is almal saam in die ding, en ons wil almal in een stuk daar en terug uitkom.

## BAIE DANKIE AAN BRAAI BLIKSEM VIR HIERDIE GEBOOIE!

**Lees meer oor sy aaklige ongeluk in hierdie blog post.**

LEES ARTIKEL

# PADAANWYSINGS

## REEL EEN: RY STADIGER

Hou asseblief in gedagte dat die R355 ‘n bedrieglike grondpad is wat al baie lewens geëis het.  Ry rustig, selfs al het jy ‘n viertrekvo-ertuig. Maar veral indien nie. Die laaste stuk pad is ’n nou plaas-pad – wees asseblief geduldig as jy aankom, want daar mag al ’n ry karre wees.

## HOE OM DIE R355 TE OORLEEF:

- Normale padveiligheidsreëls geld.
- Ja, ook vir RV’s en 4x4’s. Net omdat jy ’n 5-liter 4x4 ry, beteken dit nie dat jou gat nie kan rol nie en jou bande flenters gesny kan word nie.
- Ons raai ten sterkste aan dat mense in ’n konvooi reis.
- Ry gedurende die dag, dis baie veiliger!
- Moenie jou motor oorlaai nie.
- Moenie jaag nie - 70km/h is orraait, maar as jou voertuig swaar gelaai is, verminder spoed tot 50 km/h of minder. Geniet die uitsig.
- Val met dagbreek in die pad – later in die middag word bande warm, wat beteken jou wielvellings faal makliker, en die skalie-klip breek makliker en skerper. Koeler bande + koeler pad = minder pap wiele en gebarste bande.
- Die R355 is een helse stuk grondpad. Dit het ’n paar slegte kolle waar skerp klippe selfs die sye van jou bande deurdring. (Ja, selfs daai merske Padvreter Woestyn-Arend 3000’s van jou), so ry stadig en versigtig.
- Jy kom in die versoeking om te dink jy’s naby as jy grondpad tref - jy is nie. Dit neem ongeveer ’n uur en ’n half om die grondpad-gedeelte af te lê, wat dit die mees gevaarlike gedeelte van jou reis maak. Ons maak nie grappies nie. Let op hoe baie opgevrete en uitgespoegde verpletterde bande daar langs die pad lê. Dis stoffadille en hulle groei nie daar nie.
- Selfoonontvangs langs dié pad bestaan omtrent nie. Die laaste betroubare ontvangs is net voor jy deur Karoopoort gaan.
- As jy op die grondpad moet stilhou, trek heeltemal na die kant toe af en moet onder geen omstandighede op ‘n blinde bult stilhou nie.

## VOORKOM SKADE AAN JOU BANDE

Dis ‘n feit soos ‘n koei:  die R355 vreet bande vir ontbyt, middag- en aandete!  Hier is ‘n paar voorkomingsmaatreëls:

- Inspekteer jou bande voor jy ry en maak seker hulle is in ‘n goeie toestand.
- Pomp jou bande aan die harderige kant, sodat die sye minder blootgestel is aan die skêrp klippe.
- Ons weet dis veel gevra, maar moet asseblief nie jou voertuig oorlaai nie.
- Moenie oor die klipperige middelmannetjie ry nie.
- Ons stel voor dat jy twee spaarwiele saam neem en alles wat jy nodig het om bande heel te maak. Vat ’n wenk van die plaaslike boere – ry snotplugs en ’n kompressor (of bandpomp/Tyre Weld) saam.
- Pak jou spaarwiel waar jy dit maklik in die hande kan kry.
- AfrikaBurn patrolleer nie die pad nie, en kan geen ondersteuning bied buite die Burn nie.
- Daar is ‘n plekwat bande regmaak by Stoney, die laaste huis voor Tankwa Town. Hier kan jy jou bande laat regmaak voor jy koers kies na of van die Burn af.
- Respekteer donkiekarretjies en diere. Donkies beweeg nie uit die pad uit nie!
- Wanneer jy iemand verbysteek, ry asseblief stadiger om stof en klippe wat opskiet, te verminder.

## BAIE BELANGRIK: MOENIE PROBEER VERBY STEEK AS STOF JOU SIG BE-LEMMER NIE!

Daar was al talle kop-aan-kop-botsings weens hierdie roekelose, selfsugtige gedrag. Verstaan asseblief – dis dodelik gevaarlik. MOENIE!

## SO RY MENS

**GPS: SOUTH 32.326841 EAST 19.748139**

## VANAF KAAPSTAD

**Aweh! Rad dat jy dit kan maak bru!**

- Vat die N1 Noord deur die Paarl, Worcester en De Doorns. 10km voor jy Touwsrivier bereik, 160km buite Kaapstad, draai jy LINKS op die R46, rigting Ceres. As jy moet brandstof kry, moet jy dit nou doen, want Worcester of Touwsrivier is jou laaste kans.
- Dié pad hou aan vir ongeveer 40 km en eindig in ’n T-aansluiting, draai REGS op die buiteband-vretende R355 na Calvinia en Sutherland. Na ongeveer 100km, sal jy die grondpad slaan.
- VERMINDER SPOED.
- Jy’t ’n spaarwiel gebring, reg? Goed. O, jy’t twee gebring? Slimkop!
- Die stuk pad – wat 113km lank is – is gevaarlik. Soos in psigopatiese pit-bull-met-‘n-babelaas gevaarlik. MOENIE VINNIG RY NIE. Dit is ’n lang pad – geniet die uitsig en lees die padtekens.
- Jy gaan min of meer nou selfoon ontvangs verloor. Skakel dit af en vergeet daarvan.  Totsiens telekommunikasie! Hallo REGTE kommunikasie!
- Bly op die R355 na Calvinia (Moenie afdraai Sutherland toe nie, tensy jy hou van reuse radio-teleskope)
- Jy sal verby ’n klein nedersetting genaamd Tweefontein gaan en oor ’n klein wit bruggie oor die Tankwarivier. By die punt is jy omtrent 2km van die afdraai na die terrein. Jy sal ’n lang toring op die linkerhand sien.
- Bly op die R355, dis nie meer ver nie. Sien jy die T-aansluiting voor jou met die borde op die regterkant? Dis hy daai. Draai regs by Stonehenge Plaas in.
- Dit is ’n rowwe pad, maar vat dit rustig, jy is amper daar. Soos jy deur die hekke gaan, is daar ‘n paar klein huisies aan jou regterkant by ’n nedersetting genaamd Lekkerlag.
- Jy sal eerste by Die Hek aankom, waar hulle sal kyk dat almal kaartjies het.
- Daarna sal jy by die hek van Tankwa Town kom. Hier sal jy ingeboek word en jou kaartjies geskandeer word.
- Beweeg aan na die “Greeters’ Station”. Haal diep asem. Stap deur die poort. As jy ’n Burn-maagd is – lui daai klok!
- Welkom!





Kunswerk deur **Anthea Duce**

## VANAF JOHANNESBURG

**Van Jozi? Hoesit, my chaana!**

- Vat die N1 Suid na Bloemfontein/Kaapstad. Bly op die N1 deur Colesberg, Hanover en Richmond.
- Van Richmond af ry jy 'n verdere 64km op die N1 en draai REGS op die R63 na Victoria-Wes.
- Volg die R63 deur Victoria-Wes en volg die rigtingaanwysers na Calvinia. Omtrent so 2km buit die dorp, sal jy 'n bord sien wat sê: Ceres R355. Draai LINKS hier op die grondpad na Ceres.
- Moet NIE vinniger as 70km/h onder enige omstandighede en in enige voertuig ry op hierdie grondpad nie.
- Let wel: hierdie is die laaste keer wat jy sal selfoonontvangs he, tot jy weer op hierdie plek kom – dit sluitdie geleentheid in. Calvinia is die laaste plek waar jy voorrade (water, gas, petrol ens) kan kry, so as jy dit nodig het, kry dit. Daar is geen winkels na Calvinia nie.
- Ry vir ongeveer 100km aan. Ry versigtig!
- Moenie afdraai na die Tankwa Karoo Nasionale Park nie.
- Kyk uit vorentoe vir 'n T-aansluiting. Hier sal jy 'n AfrikaBurn-bord sien en 'n Stonehenge/Lekkerlag plaas-bord. Draai LINKS hier boet! Jy is amper daar.
- Ry STADIG vir omtrent 5km langs hierdie baie klein plaaspaadjie.
- Donner, jy's nou naby! Jy sal by Checkpoint Charming aankom. Bietje verder aan die Kaartjieskantoor.
- Beweeg nog verder na die Greeting Station. Haal diep asem.
- Welkom!

## VAN BLOEMFONTEIN


**Van Bloem af, tjomma? Mooi so!**


- Vat die N8 na Kimberley en gaan dan voort langs die N12 na Victoria-Wes.
- Draai REGS op die R63 by Victoria-Wes (T-aansluiting),
- Daarna volg jy die aanwysings hierbo vir Johannesburg van Victoria-Wes af.

## VANAF DURBAN

**Kom jy van Durbs af? Hun-dreds, Bru!**

- Vat die N3 uit die stad uit en mik vir Harrismith.
- By Harrismith vat jy die N5 via Bethlehem na Winburg waar jy aansluit by die N1. Volg die N1 tot by Bloemfontein.
- Daarna volg die aanwysings vir Bloemfontein hier bo.



# VLIEGTUIE, HOMMELTUIE EN ANDER VLIEËNDE VOORWERPE

## VLIEG JY IN?

**Gelukkige jy!**

PLEASE NOTE: You may not fly into AfrikaBurn - or fly any form of aircraft at the event - without first making contact and reciving an allocation number. There are some important and very specific instructions for using this particular airstrip and airspace.

**Stuur 'n e-pos aan airstrip@afrikaburn.com en 'n inligtingspakket sal aan jou gestuur word. Let asseblief ook daarop: Al vlieg jy AfrikaBurn toe, jy moet nog steeds 'n kaartjie hê. Moenie daarsonder op die vliegtuig klim nie. Vlieëniers is verantwoordelik vir die terugvervoer van al hul passasiers sonder kaartjies.**

## GEBRUIK VAN DIE AFRIKABURN-LUGHAWE

Die lughawe is 'n plek waar vliegtuie opstyg en land. Toegang na die operasionele area is beperk en slegs toegelaat indien jy 'n vlieënier of passasier is. Passasiers sal duidelike instruksies van hul vlieëniers ontvang oor waar hulle mag gaan.

'n Roterende propeller kan geweldige liggaamlike beserings veroorsaak. Ouers, maak asb. seker dat jul kinders bewus is daarvan dat vliegtuie nie speelgoed is nie en ontsettend gevaarlik word wanneer jy daarmee peuter.

Die aktiewe deel van die lughawe is afgebaken, en almal word versoek om dit te respekteer. Rangers en lughawe personeel sal enige iemand wat in die area is, en nie daar hoort nie, vra om die area te verlaat

## VLIEG JY DAARHEEN?

Daar is baie mense wat op soek is na 'n plekkie op 'n vliegtuig. Maak jou behoeftes op airstrip@afrikaburn.com bekend. Verskaf jou naam, hoeveel persone, datums, gewigsbeperkings, ens. Dit sal jou help om in verbinding te kom met mense wat moontlik in jou rigting gaan.

Kommersiële vlugte na AfrikaBurn word egter nie toegelaat nie. AfrikaBurn se reël is dat dit aanvaarbaar is vir Burners om 'n diensverskaffer te nader, maar die diensverskaffer kan nie die Burner nader en 'n diens teen betaling aanbied nie.

## BRANDSTOF BERGING

As jy bring 'n tipe van gas of lugvaart brandstof, gebruik ons toegewyde brandstof stort om seker te maak dit is veilig, beskikbaar en weg van die Tented gemeenskap waar dit 'n risiko kan wees.



## LUGRUIM

**Die werking van hommeltuie en RC-vliegtuie van enige aard word beperk en val onder die nuwe, baie streng CAA reëls:**

BESOEK BLAD

Dit is hoogs onwettig om 'n hommeltuig of 'n RC-vliegtuig bedryf sonder die nodige lisensie en versekering ingevolge die ATZ in die TTZ. Daar is reëls wat gevolg moet word. Om mense te laat pret h^e en hul RC-toestelle te geniet, het ons die TTRZ (Tankwa Town Recreational Zone) vergroot - hier kan jy, binne perke jou vliegtuigie met plesier vlieg. Toetrede tot die TTZ word nie beheer nie. Asseblief - vlieg net tot die grense aangedui op die kaart, wat gemerk word deur vlae. Maksimum is 150 voet oë en slegs siglyn! Die 50-50-50 reël geld.

## UAV / HOMMELTUIE & ANDER VLIEGTUIE


Enige vorm van gebruik van die lugruim vereis magtiging. Enige vorm van vliegtuig(ie) wat by AfrikaBurn gebruik word, vereis magtiging - en dit sluit in onbemande tuie (UAV's), hommeltuie (ook met videokamersas) valskermspringers, paragliders, lugballonne en modelvliegtuie.

As jy van plan is om 'n professionele hommeltuig (of ander vliegtuie) in die lug te stuur, stuur asseblief 'n epos na uav@afrikaburn.com en ons span kan jou help met inligting oor hoe om magtiging te kry, waar die vliegsones is en hoe en waar jy en jou vliegtuig/hommeltuig nagegaan kan word voor jy die lug in.

## VLIEG VAN 'N RPAS OF MODELVLIEGTUIG, HOMMELTUIG OF SPEELDING BY AFRIKABURN

In ooreenstemming met die nuwe riglyne van die Burgerlike Lugvaartowerheid, kan geen hommeltuie vir vermaak gevlieg naby 'n aktiewe vliegveld nie. En ons het 'n aktiewe vliegveld. Jammer mense: jou hommeltuig moet di'e ene misloop.







Kunswerk deur **Matthew Fraser**




 Kunswerk deur **Ernst Lass**

# DIE WETLIKE GOED

## JY AANVAAR VRYWILLIGLIK DIE RISIKO VAN ERNSTIGE BESERING, OF SKADE AAN JOU GOED DOOD DEUR DIE BYEENKOMS BY TE WOON, EN VRYWAAR AFRIKABURN VAN ENIGE EISE WAT MAG VOORTSPRUIT UIT DIE RISIKO.

Jy moet genoeg kos, water, skuiling en noodhulpvoorrade saambring om 'n week in 'n ongenaakbaare omgewing te oorleef.

Handeldryf is verbode, so-ook vuurwapens, vuurwerk, vuurpyle, vlieënde lanterns en ander plofstowwe. Jy stem in om die reels soos saamgevat in dié Oorlewingsgids te lees en na te kom, en om alle landswette te eerbiedig.

Hierdie is 'n LAAT GEEN SPOOR-byeenkoms, waar alles wat na die terrein gebring word, deur hul eienaars verwyder word. Daar word van jou verlang om twee ure te bewillig vir die algemene skoonmaak van die terrein buiten die opruiming van jou eie staanplek voor jy huis toe gaan.

Van jou word verwag om te verseker wat jy saambring, al is dit jou eie nie. Kunskarre, Kunswerke and -installasies, Temakampe en optredes word nie deur AfrikaBurn besit of geopereer nie. Jy aanvaar dus alle risiko van besering geassosieer met, en voortspruitend uit, die operasie of bestuur daarvan. Die Hek-personeel is geregtig daarop om alle voertuie, insluitende trokke, sleepwaens, karavane en RV's wat die perseel van AfrikaBurn binnekom, te deursoek.

Geen vliegtuie (hetsy vliegtuig, warmlugballon, of ontspannings/ professionele UAV/dreune) word toegelaat om by AfrikaBurn te vlieg nie, tensy dit eers by AfrikaBurn geregistreer is. Vir meer inligting hieroor, stuur 'n e-pos aan airstrip@afrikaburn.com

Jy stel AfrikaBurn aan as jou verteenwoordiger om die nodige stappe te neem om jou intellektuele eiendom of privaatheid te beskerm, maar erken dat AfrikaBurn onder geen verpligting is nie. Die gebruik van beeldmateriaal vir enige ander doeleindes as privaat gebruik, is verbode sonder die goedkeuring van AfrikaBurn.

Kaartjies is nie-terugbetaalbaar, selfs as die byeenkoms afgestel word as gevolg van slegte weer, natuurrampe, regeringsmaatreëls of enige ander redes buite AfrikaBurn se beheer. Jou kaartjie is 'n omkeerbare lisensie wat vir enige rede deur AfrikaBurn teruggetrek kan word.

## DIE GEBRUIK VAN JOU KAARTJIE VIR AFRIKABURN BEVESTIG JOU INSTEMMING TOT DIE VOORWAARDES SOOS DIT HIERBO UITEENGESIT IS.

# DANKIE

DAT JY HIERDIE GIDS GELEES HET. JY IS ROCK-STER! DEEL DIT ASSEBLIEF MET ENIGIEMAND WAT DIE INLIGTING BENODIG. HOE MEER DIT GELEES WORD, HOE LEKKERDER IS AFRIKABURN VIR ALMAL..

# KREDIETE

Die ontwerp, uitleg en kuns vir hierdie pragtige oorlewingsgids was moontlik gemaak deur die volgende vrywilligers:

**Anthea Duce**
*Illustrasies op bl. 6 & 33 - 36*
behance.net/AntheaDuce

**Ernst Lass**
*Illustrasies op bl. 1, 2 & 39*
instagram.com/ernsnext

**Grace De Kroon**
*Illustrasies op bl. 5*
gracedekroon.tumblr.com

**Jeanne Fourie**
*Uitleg ontwerp & Kunsleiding*
*Illustrasies op bl. i, ii , 19, 20, 30 - 32, 41 & 42*
eye-of-jnn.com

**Philippus Johan Schutte**
*Illustrasies op bl. 13 - 16, 27 & 28*
phijos.com

**Karl Schulschenk**
*Illustrasies op bl. 3, 4, 21 & 22*
karlschulschenk.com

**Matthew Fraser**
*Illustrasies op bl. 11, 12, 37 & 38*

**Mischka Byram**
*Illustrasies op bl. 7, 8 & 29*
behance.net/mishkabyram

**Natasha Viljoen**
*Omslag kuns*
*Illustrasies op bl. 9, 10, 17 & 18*
behance.net/natashaviljoen

**Skubalisto**
*Illustrasies op bl. 23*
skubalisto.tumblr.com


Inhoud is saamgevoeg en geredigeer deur **Travis Lyle** met bydraes van 'n hele span. Baie dankie aan **Guillaume Vagrante** vir die ontwerp van vanjaar se kaart.

Alle inligting in hierdie gids is juis en korrek met publikasie; maar is onderhewig aan veranderings in opeenvolgende uitgawes.





Kunswerk deur **Jeanne Fourie**


12
3
9
6
SIEN JOU IN DIE STOF
Omslag kuns deur Natasha Viljoen